2009 Augustus

DeafNET Nuus

Sê vir eers totsiens, Maties

DeafNET se 28 ure vir die jaar is verby...dis nou wat betref sy opleiding aan derdejaarstudente by die Universiteit van Stellenbosch se Tygerberg-kampus.

Soos die vorige drie jaar het Andries van Niekerk tyd ingeruim om 'n jaarlikse kortkursus vir studente daar aan te bied sodat hulle meer begrip vir Dowes en doofheid het.

"Die snaakse ding is dis almal vroue," sê Van Niekerk - nie dat die Eva's vir hom 'n probleem was nie.

Om jou opleiding aan studente te bied, het ander voordele ook. "Hulle is studente, so hulle ken die klasopset, loop baie klasse en luister as jy klasgee."

Hy is ietwat verbaas oor van die vrae wat sy opleiding na vore gebring het, soos hoekom die gebaar vir pizza is wat dit is, maar hy skryf dit toe aan bloot sy "aandag" wat verlang is.

Dirkie Ebersohn het vir twee van die lesse saam gegaan om die lesse interessanter te maak. "Dis meer in konteks en natuurlik," sê hy van die dimensie wat Ebersohn aan sy klasse verleen.

Van Niekerk sê die mense voel hulle kan nie met Dirkie kommunikeer anders as met gebare nie en daarom is hulle meer gefokus daarop om gebare te gebruik teenoor hom as Van Niekerk.

"Dowes is mos orals - Dowes gaan dokter toe, gaan skool toe, sien 'n maatskaplike werker, gaan na 'n prokureur. So enige professie wat te doen het met interaksie met mense moet bewus gemaak word van Dowes en Dowe kultuur."

Ook 'n ander tersiêre instelling het aangedui dat hulle belangstel in die opleiding wat hy bied, maar intussen sien hy uit na opleiding wat eersdaags by die Nuwe Hoop-Sentrum begin.

Aksie! Dirkie Ebersohn en Marilese Tope is hier besig om die werk agter die skerms vir die maak van Amerikaanse Gebaretaal DVD vir Burundi. Dis 'n langdradige proses met baie besonderhede om na op te let, sê Ebersohn, maar dis 'n eerste vir die span. Op die groepfoto (regs) is Altus van Rooyen, assistent van Ferdinand Kapp (kameraman en regiseur), Fabien Hamissi Irakoza, Jean Louis Mutendela en ds Smit tydens die oorhandiging van die DVD. Die DVD se verspreiding sal 'n groot rol speel in bewusmaking, hoewel kopieë van die gids makliker sal wees om te versprei en aan meer mense toeganklik sal wees. Ebersohn en kie is druk besig om die gids te voltooi.

'Toeganklikheid is onafhanklikheid.'

- Fanie du Toit, promosie- en bewusmakingsvergadering

Gaan jou wel: DeafNET sê totsiens aan Liza Piek - ons bekende gesiggie by redigering. Hier was sy 'n agtermekaar-meisie, 'n vriendin en iemand wat nie gaan lê nie. Hier kuier sy en Dirkie Ebersohn tydens sy verjaardagviering op kantoor.

Elim waak teen uit sy vel bars

"Julle moet trots voel, maar net nie uit jul velle bars nie!" is die personeel van die Elim Tehuis onlangs aangeraai toe hulle hul sertifikate vir die voltooiing van hul SoKoMo-opleiding ontvang het.

Hanlie Visser, SoKoMo-ontwikkelingsbampte, en mede-opleier Beat Reynecke is onlangs vinnig om die draaie na dié dorpie om die seremonie te behartig. Hulle is ontvang soos familie, kompleet met soene en drukke.

"Veertien personeellede is opgelei en almal het dit baie geniet én baie geleer. Ek sou baie graag ook opleiding wou bied aan die res van die personeel en ek sal graag kontak met hulle wil behou," sê sy.

Dié 14 is in die saal omring deur die res van die personeel - soos dit eregaste betaam, terwyl prente op die mure ook God se belofte van seën verklaar het met die woorde van Gen. 9:13.

"Ek is nie dieselfde mens voor Elim as wat ek ná Elim was nie. Julle is diep in my hart," het Visser gesê aan die wat trots hul serpe en hemde reggetrek het wanneer hulle die sertifikaat moes ontvang. Die woord "rollespel" het ook 'n benoude giggel uit die gehoor laat opklink.

Die tehuis sien om na meer as 50 meervoudig-gestremde kinders en bied 'n veilige omgewing waarbinne hulle kan ontwikkel. Hulle ouderdomme wissel van so jonk as sewe, terwyl daar ook ondersteuning aan ander so oud soos 45 jaar gebied word. Verskillende programme help dat daar in individue se behoeftes voorsien kan word.

Strategiese beplanning was die fokus van die besoek van mnr. Coetzee Bester, van die Afrika Universiteit. Samesprekings duur voort.

Spontane sokkies en skoene, spoedig oorsee

Die seun wat destyds "spontaan" begin hardloop het, is nou 'n Olimpiese atleet!

"Eendag, vir geen spesifieke rede nie, het ek gaan hardloop. Ek onthou nog dit was so 10 km. Aan die einde van my gr. 10-jaar het ek tot so ver as 33 km op naweke gehardloop saam met die plaaslike klub. Die gogga het my behoorlik gebyt!" vertel Tim Stones kort voor sy vertrek na die Taipei Deaflympics waar hy deel van die Britse span is.

"Die adrenalien bruis deur jou are - ek is van nature 'n mededingende mens so ek floreer daarop. Dit is ook 'n manier waarop mens lewenslange vriendskappe kan smee en dit laat my baie vervuld voel.

"Om te hardloop is soos om aan 'n voedsame, sappige 'n vrug te proe wat jou lewe verander. As jy eers daaraan geproe het, móét jy eenvoudig weer daarvan eet."

Sport, maar ook atletiek, is iets waarin baie van sy voorsate presteer het - soos sy pa wat sy land met atletiek en swem verteenwoordig het, terwyl sy een oupa in 'n stadium die rekordhouer vir die myl en die ander 'n voetbalster was.

"Atletiek is 'n sport wat jou leer hoe sterk jy is, hoe baie daar in jou is waarop jy kan teer. Daarom sal jy jouself só vernuwe en jou beste kan gee in alle gebiede van die lewe.

"My goeie vriende ken my as *Overdrive* - ek het die bynaam al van skooldae af. In gr. 10 is ek omgery deur 'n motor, toe sê 'n onderwyser vir my: 'Voel jy vandag asof iets jou getrap het?' Behalwe daarvoor het ek in die begin altyd met al my krag weggevlieg as die wedloop begin. My vriende het gesê ek is 'n *man on a mission*, ek hardloop in *overdrive.* Gevolglik het die naam gebly. Ek hou daarvan om steeds te dink ek is 'n man met 'n doelwit voor oë - ek handhaaf myself op 'n beter manier oor elke struikelblok wat my in die oë staar," sê hy.

Die tyd wat hy alleen op die pad spandeer is tyd wat hy homself gun om na te dink oor uitdagings, om antwoorde te vind en ook die krag om te volhard. "Dis vir my noodsaaklik, 'n manier om spanning te verlig en ontslae te raak van frustrasies en vrese. Uiteindelik het ek die vermoë om beter te kan fokus en beter na my gesin te kan omsien.

Om voor te berei vir die geleentheid in Taipei, het Stones verskeie etensure in sy drafklere deurgebring terwyl jy probeer om so gou moontlik jou middagete te verorber en te rus. Hy glo egter nie in 'n spesiale eetplan nie - net dat jy die aand voor 'n wedloop 'n lekker bord pasta nodig het.

En die dag van die wedloop... "Ek strek so bietjie, fokus op my asemhaling en kyk die ander atlete deur net om te sien wie sterk mededingers is. Ek moet immers die wedloop in my gedagtes kan sien; ek moet my kan indink hoe ek dit geniet en hoe ek hardloop ten spyte van enige pyn wat ek dalk kan voel; ek moet kan sien dat ek my bes doen.

"Ek floreer op die kompeterende sy van atletiek en omdat ek die beste wil wees hou ek aan om hard te oefen. Meestal oefen ek alleen, maar ek is gek na die atmosfeer by wedlope en die ligte geskerts onder die atlete. Ons is 'n vrolike klomp wat voluit lewe. Ek kan nie my lewe voorstel sonder atletiek nie…"